



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Psalm 8

Finding Neverland

'n Duisendpoot wat opkrul en 'n akkedis wat oor 'n klip skarrel... Oënskynlik onbenullighede, tog iets wat kinders se verbeelding aangryp. Dit is hierdie kenmerk van kinders wat grootmense in Finding Neverland leer om die sprokiesverhaal van Peter Pan te waardeer. Die vertoning begin en kinderlaggies trek soos 'n onkeerbare golf deur die gehoor - dit steek almal aan tot onkeerbare lagbuie die vertrek vul.

In die skeppingsouditorium van Psalm 8 juig kinders en suigeling in verwondering om die grootste Skepper van ons aardse pretpark te besing. In so 'n mate dat almal wat teen God is, stilgemaak word.

*Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.*

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

*Mag die kind in ons nooit so oud word dat ons nie meer weet hoe om die wonders wat God elke dag oor ons pad strooi met 'n lied te begroet nie. Almal om jou mag dalk net beginsaamsing!
(Bybel 24/7)*



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Koppigheid

Spreuke 29

Daar is 'n groot verskil tussen vasberadenheid en koppigheid.

Vasberadenheid het met oortuigings te make. Maar koppigheid is steeksheid.

Jy sal selfs teen jou beterwete in koppig wees, net sodat ander nie die oorwinning in die argument behaal nie.

'n Wyse mens is leerbaar eerder as eiewys (Spreuke 21:11). 'n Wyse mens kan sy of haar foute erken.

Hardkoppigheid is onbuigsaamheid. Nie een van ons wil bekendstaan as dat onshardkoppig is nie. Maar as iemand al verskeie kere virjou aangeraai het om iets op 'n ander manier te doen, of jou net goeie raad gee, en jy weier botweg sonderom die voorstel te oorweeg, is jy hardkoppig.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Emosies

Koppigheid

Tot wie se voordeel is die spreekwoorde? (v2-4)

Wie sal dit hoor en leer? (v5)

Wat is die begin van kennis? (v7)

Wat moet jy doen as sondaars jou lok? (v10,v15)

Hoe reageer mense verkeerd op die oproep tot wysheid? (v22,v24-25v,30)

Watter beloning is daar vir die wat na wysheid luister? (v33)

Hoe kan dit jou bevoordeel om na ander mense se raad te luister?



Quellerina Gemeente